HIERDIE OMSENDBRIEF IS BELANGRIK EN BENODIG U ONMIDDELLIKE AANDAG

Indien u enige twyfel het oor die aksie wat u met betrekking tot die inhoud van hierdie omsendbrief moet neem, raadpleeg asseblief onmiddellik u aandelemakelaar, bankier, rekenmeester, prokureur of ander professionele adviseur. Volledige besonderhede van die aksie wat deur Agribel gewone aandeelhouers benodig word, word uiteengesit op bladsy 2 van hierdie omsendbrief.

Indien u al u Agribel gewone aandele verkoop of andersins op of voor 16:00 op 15 Julie 2022 oorgedra het, stuur asseblief hierdie omsendbrief aan die koper of oordragnemer, of aan die bank, aandelemakelaar of ander agent deur wie die verkoop of oordrag plaasgevind het.

AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
(**Agribel** of die **Maatskappy**)

OMSENDBRIEF AAN AGRIBEL AANDEELHOUERS

(***Omsendbrief***)

met betrekking tot

DIE KEUSE OM 'N SKRIPDIVIDEND VAN GEWONE AANDELE TE ONTVANG AS ALTERNATIEF TOT DIE UITKERING AAN AGRIBEL GEWONE AANDEELHOUERS VAN 'N KONTANTDIVIDEND

EN

DIE KEUSE OM DEEL TE NEEM AAN 'N TERUGKOOP VAN AANDELE

Datum van uitreiking: 15 Julie 2022

Oordragsekretaris
Senwes Beperk

Per e-pos:
Elmarie.Joynt@senwes.co.za
Claudi.Smit@senwes.co.za
Telefaks: 086 680 3124

Afskrifte van hierdie omsendbrief (in Afrikaans of Engels) kan verkry word vanaf die Senwes webwerf, www.senwes.co.za en van die geregistreerde kantoor van Agribel, geleë te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp 2571. Dit sal beskikbaar gestel word op 15 Julie 2022.

OPTREDE VERLANG DEUR AGRIBEL AANDEELHOUERS

AANDEELHOUERS IS <u>NIE</u> VERPLIG OM AAN DIE SKRIPDIVIDEND OF TERUGKOOP VAN AANDELE DEEL TE NEEM <u>NIE</u>. GEVOLGLIK, INDIEN 'N AANDEELHOUER NIE REAGEER OP DIE INHOUD VAN HIERDIE OMSENDBRIEF NIE, SAL DAAR GEAG WORD DAT DIE AANDEELHOUER GEKIES HET OM DIE KONTANTDIVIDEND TE ONTVANG EN GEKIES HET OM NIE AAN DIE TERUGKOOP DEEL TE NEEM NIE.

Die volgende inligting het betrekking op al die Maatskappy se gewone aandeelhouers ("***Aandeelhouers***").

- Die direksie van die Maatskappy ("***Raad***") het 'n finale kontantdividend vir die jaar geëindig 30 April 2022 van 25 sent (vyf en twintig sent) per gewone Agribel aandeel en 'n spesiale dividend van 21 sent (een en twintig sent) per gewone Agribel, 'n totale dividend betaling van 46 sent (ses en veertig sent) per gewone aandeel ("***Kontantdividend"***) op die rekorddatum, naamlik 8:00 op 24 Augustus 2022 ("***Rekorddatum"***), goedgekeur.

- Die Raad het verder besluit om aan aandeelhouers die keuse te bied om in plaas van die Kontantdividend, 'n uitkering van nuwe, ten volle opbetaalde gewone Agribel aandele ("***Aandele"***) te ontvang ("***Skripdividend"***). Die Skripdividendprys per Aandeel wat deur die Raad goedgekeur is, is R7 (sewe rand) per Aandeel.

- Die Raad het verder ook besluit om, via sy filiaal, Agribel Capital Eiendoms Beperk, 'n aanbod te maak aan die gewone aandeelhouers om aandele in die Maatskappy terug te koop teen R7 (sewe rand) per gewone aandeel ("***Terugkoop***").

- Aandeelhouers is nie verplig om aan die Skripdividendaanbod deel te neem of om op die Skripdividendaanbod te reageer nie. Indien 'n aandeelhouer nie op die Skripdividendaanbod reageer nie, sal die kontantdividende in die normale gang ontvang word.

- Aandeelhouers is verder ook nie verplig om aan die Terugkoopaanbod deel te neem of om op die Terugkoopaanbod te reageer nie. Indien 'n aandeelhouer nie op die Terugkoopaanbod reageer nie, sal daar geen outomatiese verkoop van aandele plaasvind nie.

- Indien 'n aandeelhouer wel besluit om aan die Skripdividendaanbod deel te neem, kan gekies word om die helfte (50%) van die Kontantdividend as Aandele te ontvang. Die reg om aan die Skripdividend deel te neem, beperk tot hierdie keuse en 'n Aandeelhouer mag nie, behalwe vir die keuse om die helfte (50%) van die Kontantdividend as aandele te ontvang, kies om 'n skripdividend andersins te ontvang nie. Die reg om aan die Skripdividend deel te neem, is verder onderhewig aan die bepalings soos uiteengesit in hierdie Omsendbrief.

- Die reg tot deelname aan die Skripdividend is in verhouding tot 'n Aandeelhouer se aandeelhouding in Agribel op die Rekorddatum, op die basis dat vir elke 1s (een sent) Kontantdividend, u kan kies om sodanige aantal Aandele te ontvang soos bepaal word deur die verhouding van 1s (een sent) Kontantdividend tot die Skripdividendprys van R7 (sewe rand) per aandeel.

- Indien u kies om die Skripdividend te ontvang in plaas van die Kontantdividend, sal daar nie van u verlang word om vir die Skripdividendaandele waarop u in terme van u keuse geregtig word, te betaal nie.

- `n Aandeelhouer mag enige hoeveelheid aandele aanbied vir terugkoop. Die Terugkoopaanbod word gemaak op die basis dat eerstens tot en met 1000 gewone aandele van alle gewone aandeelhouers wat aan die aanbod deelneem, gekoop word. Daarna sal aandeelhouers wat meer as 1000 aandele aanbied, geregtig wees om, *pro rata* tot hul aanbieiding van aandele, aan die terugkoop deel te neem. Die terugkoop word verder beperk word tot 'n bedrag van R27 miljoen. Die terugkoop sal plaasvind deur Agribel Capital, 'n 100% filiaal van Agribel.

- Indien u aan die Skripdividend of Terugkoop wil deelneem, moet u die aangehegte keusevorm voltooi en inhandig by die Maatskappy gedurende normale besigheidsure, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes of die keusevorm per e-pos aan elmarie.joynt@senwes.co.za of claudi.smit@senwes.co.za stuur. U kan ook u keuse elektronies uitoefen deur te gaan na www.senwes.co.za.

- U keuse om aan die Skripdividend of Terugkoop deel te neem, moet deur die Maatskappy ontvang word teen nie later nie as **16:00 op 15 Augustus 2022**. Enige vorm wat u keuse aandui wat na die tyd en datum ontvang word, sal verwerp word.

BELANGRIKE DATUMS EN TYE

Aankondig van Kontantdividend/Skripdividend, Terugkoop en belangrike datums	**6 Julie 2022**
Uitstuur van omsendbrief en keusevorm	**15 Julie 2022**
Datum om Skripdividend te kies in plaas van Kontantdividend of om aan die Terugkoop deel te neem. Keusevorms om die Oordragsekretarisse te bereik om 16:00 op 15 Augustus 2022.	**15 Augustus 2022 om 16:00**
Rekorddatum ten opsigte van die Kontantdividend- en Skripdividendalternatief sowel as die Terugkoop.	**24 Augustus 2022 om 8:00**
Aandele verhandel 'ex' die Kontantdividend- en Skripdividend-alternatief.	**24 Augustus 2022 na 8:00**
Kontantdividendbetalings gemaak	**30 Augustus 2022**
Uitreik van die Skripdividendaandele	**1 September 2022**
Terugkoop van Aandele	**2 September 2022**
Aankondiging met betrekking tot die resultate van die Kontantdividend- en die Skripdividendalternatief	**12 September 2022**

Alle tye is plaaslike Suid-Afrikaanse tye. Bogenoemde datums en tye is onderhewig aan verandering. Enige verandering sal aangekondig word.

AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
(**Agribel** of die **Maatskappy**)

Direkteure:

NDP (*Nico*) LIEBENBERG[1,2] (*VOORSITTER*)
JJ (*Jaco*) MINNAAR[1] (*ONDERVOORSITTER*)
AJ (*Dries*) KRUGER)[1]
GL (Gert) MALHERBE[1,2]
JDM (*Danie*) MINNAAR[1]
WH (*Thabo*) VAN ZYL[1]
JJ (Hansie) VILJOEN[1,2]

Alle direkteure is Suid-Afrikaanse burgers
1. *Nie-uitvoerend*
2. *Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur*

OMSENDBRIEF AAN AGRIBEL AANDEELHOUERS

1. **INLEIDING**

1.1. Die besluit deur die raad van direkteure van die Maatskappy ("***Raad***") om uit behoue verdienste 'n finale dividend vir die jaar geëindig 30 April 2022 van 25 sent per gewone Agribel aandeel en 'n spesiale dividend van 21 sent per gewone Agribel aandeel ('n totale dividend betaling van 46 sent (ses en veertig sent) per aandeel ("***Kontantdividend***") goed te keur en te verklaar, deur middel van die betaling van 'n kontantuitkering aan gewone aandeelhouers van Agribel ("***Aandeelhouers***") wat op die rekorddatum, 8:00 op 24 Augustus 2022 geregistreer is ("***Rekorddatum***"), is op 6 Julie 2022 aangekondig met die vrystelling van die finansiële resultate van Agribel vir die jaar geëindig 30 April 2022 op Vrydag, 22 Julie 2022.

1.2. Die Raad het ook op 6 Julie 2022 aangekondig dat Aandeelhouers wat op die Rekorddatum in die aandeleregister van die Maatskappy aangeteken is, as 'n alternatief kan kies om die helfte (50%) van die Kontantdividend as volopbetaalde gewone aandele in die aandelekapitaal van die Maatskappy ("***Aandele***"), *pro rata* hul aandeelhouding in Agribel, te ontvang ("***Skripdividend***"). Die Skripdividend sal egter slegs uitgekeer word aan die Aandeelhouers wat voor of op 16:00 op 15 Augustus 2022 kies om die Skripdividend te ontvang.

1.3. Aangesien die Aandele uitgereik ingevolge die Skripdividend eers na die Rekorddatum vir die Kontantdividend uitgereik word, sal aandele ontvang ingevolge die Skripdividend nie deelneem aan die Kontantdividendbetaling op 30 Augustus 2022 nie. Die Aandele uitgereik ingevolge die Skripdividend sal egter na uitreiking op 1 September 2022 in alle opsigte dieselfde regte geniet as alle ander gewone aandeelhouers in die Maatskappy, wat insluit dieselfde reg as al die ander gewone aandele tot uitkerings deur die Maatskappy.

1.4. Die Raad het ook verder op 6 Julie 2022 aangekondig dat Aandeelhouers wat op die Rekorddatum in die aandeleregister van die Maatskappy aangeteken is, hul aandele aan Agribel Capital (Eiendoms) Beperk, 'n 100% filiaal van Agribel, ("***Agribel Capital***"), kan verkoop teen R7 per Aandeel en op die basis dat eerstens tot en met 1000 gewone aandele van alle gewone aandeelhouers wat aan die aanbod deelneem, gekoop word. Daarna sal aandeelhouers wat meer as 1000 aandele aanbied, geregtig wees om, *pro rata* tot hul aanbieding van aandele, aan die terugkoop deel te neem. Die terugkoop word verder beperk tot 'n bedrag van R27 miljoen. Die terugkoop sal plaasvind deur Agribel Capital, 'n 100% filiaal van Agribel. Om te kan deelneem moet aandeelhouers verder hul keusevorms inhandig voor 16:00 op 15 Augustus 2022 ('***Terugkoop***').

1.5. Die Raad het verder besluit dat indien die Terugkoop nie ten volle deur Aandeelhouers benut word nie en die bedrag van R27 miljoen wat bewillig is vir die Terugkoop nie ten volle aangewend word nie, die restant van die R27 miljoen wat bewillig is vir die Terugkoop, na afloop van die Terugkoop en tot en met die Raad tot die teendeel besluit, aangewend sal word om aandele teen R7 per aandeel in die ope mark aan te koop.

1.6. Aangesien die terugkoop sal plaasvind na die Rekorddatum, sal aandeelhouers wat deelneem aan die Terugkoop nog steeds die Kontantdividend ten volle ontvang.

1.7. Die Skripdividend sal slegs uitgekeer word aan die Aandeelhouers en die Terugkoop sal slegs plaasvind met Aandeelhouers wat voor 16:00 op 15 Augustus 2022 die keuse uitoefen om die Skripdividend te ontvang of die keuse uitoefen om aan die Terugkoop deel te neem deur die aangehegte keusevorm te voltooi en die vorm in te handig by die Maatskappy gedurende normale besigheidsure, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp of die vorm per e-pos stuur aan elmarie.joynt@senwes.co.za of claudi.smit@senwes.co.za.

Aandeelhouers wat nie voor of op 15 Augustus 2022 om 16:00 'n behoorlik voltooide keusevorm, waarin aangedui word dat hulle aan die Skripdividend wil deelneem, ingehandig het nie sal sonder enige verdere optrede aan hul kant die Kontantdividend op 30 Augustus 2022 ontvang. Insgelyks sal aandeelhouers wat nie kies om hul aandele te verkoop nie, nie outomaties enige aandele vervreem nie.

1.8. Die bepalings van die Skripdividend en die Terugkoop word in paragraaf 3 hieronder verder uiteengesit.

1.9. Aandeelhouers sal geregtig wees om aan beide die Skripdividend en Terugkoop deel te neem.

1.10. Agribel aanvaar geen verantwoordelikheid en sal nie aanspreeklik gehou word vir enige optrede van, of versuim deur, enige makelaar of ander agent van enige voordelige eienaar van Aandele om op hierdie omsendbrief te reageer of hul versuim om op te tree in ooreenstemming met enige instruksies wat deur 'n Aandeelhouer aan hulle uitgereik is nie.

1.11. Geen uitkering aan Aandeelhouers beoog in hierdie Omsendbrief sal rente dra teenoor die Maatskappy nie.

1.12. Verwysings in hierdie Omsendbrief tot die Kontantdividend betaalbaar aan of ontvangbaar deur Aandeelhouers, verwys na die bedrag van sodanige kontantuitkering, voor die aftrekking van Dividendweerhoudingsbelasting ("***DWB***"), indien enige, soos in meer besonderhede in paragraaf 3.1.5 hieronder uiteengesit.

2. RASIONAAL

Die Raad het, na oorweging van die huidige en voorspelde solvensie en likiditeit van die Maatskappy, die betaling van 'n kontantdividend van 25 sent per gewone aandeel as 'n finale dividend vir die periode geëindig 30 April 2022, en 'n spesiale dividend van 21 sent per gewone aandeel ('n totale betaling van 46 sent per gewone aandeel) goedgekeur.

Die Raad het ook besluit om die Aandeelhouers die geleentheid te bied om te kies om die Skripdividend te ontvang in plaas van 'n gedeelte van die Kontantdividend.

Die Raad het verder ook besluit om aan Aandeelhouers wat 'n behoefte het tot ontsluiting, die geleentheid te bied aan alle gewone aandeelhouers wat aan die aanbod wil deelneem, om eerstens tot en met 1000 gewone aandele te verkoop. Daarna sal aandeelhouers wat meer as 1000 aandele aanbied, geregtig wees om, *pro rata* tot hul aanbieding van aandele, aan die terugkoop deel te neem. Die terugkoop word verder beperk word tot 'n bedrag van R27 miljoen. Die terugkoop sal plaasvind deur Agribel Capital, 'n 100% filiaal van Agribel.

Die keuse deur Aandeelhouers om die Skripdividend te ontvang in plaas van 'n gedeelte van die Kontantdividend, sal Agribel toelaat om sy kapitaalbasis te vergroot, om laste te verminder en die volgehoue groei van sy belegging in Senwes Beperk en ander landbouverwante maatskappye te ondersteun, terwyl dit Aandeelhouers die geleentheid bied om hul aandeelhouding in Agribel te verhoog en terselfdertyd buigsaamheid te bied aan Aandeelhouers wat kies om slegs die Kontantdividend te ontvang.

Die besluit om Aandeelhouers die geleentheid te bied om aandele te verkoop is in reaksie op die behoefte van sommige aandeelhouers om hul aandeelhouding in die Maatskappy te ontsluit, wat nie altyd moontlik is om te bereik op die ope mark nie.

3. DIE TOEKENNING VAN DIE SKRIPDIVIDEND EN DIE KEUSE OM AANDELE TE VERKOOP

3.1. SKRIPDIVIDEND

Aandeelhouers is nie verplig om aan die Skripdividendaanbod deel te neem of op die aanbod soos vervat in hierdie omsendbrief, te reageer indien hulle slegs die Kontantdividend wil ontvang nie.

3.1.1. Skripdividendalternatief:

3.1.1.1. Aandeelhouers sal geregtig wees om die volle Kontantdividend te ontvang ten opsigte van hul totale aandeelhouding op die Rekorddatum (24 Augustus 2022 om 8:00), mits 'n Aandeelhouer nie gekies het om die skripdividend soos aangedui in hierdie Omsendbrief, te ontvang nie.

3.1.1.2. Aandeelhouers sal egter geregtig wees om te kies om, as alternatief tot die ontvang van die Kontantdividend, die helfte (50%) van die Kontantdividend as 'n skripdistribusie van Aandele ("***Skripdividend***") te ontvang. Indien die keuse behoorlike uitgeoefen word om die Skripdividend te ontvang, sal die Aandele waarop 'n Aandeelhouer geregtig word op 1 September 2022, aan die Aandeelhouer uitgereik word.

3.1.1.3. Die aantal Aandele waarop 'n Aandeelhouer geregtig sal wees ingevolge die Skripdividend, sal bepaal word met verwysing na sodanige Aandeelhouer se aandeelhouding in Agribel op die Rekorddatum (24 Augustus 2022 om 8:00), op die basis dat in plaas van die Kontantdividend, 'n Aandeelhouer mag kies om Aandele te ontvang soos bepaal in die verhouding wat 1s (een sent) van die Kontantdividend dra tot die Skripdividendprys van R7 (sewe rand) per Aandeel, met dien verstande dat:

i) die reg op deelname aan die Skripdividend beperk sal word tot die keuse om die helfte (50%) van die Kontantdividend as aandele te ontvang; en

ii) indien die toepassing van die verhouding lei tot 'n breukdeel van 'n Aandeel, die afrondingsbeginsels soos beskryf in paragraaf 3.1.3 hieronder, toegepas sal word.

3.1.1.4. Aangesien Skripdividendaandele uitgereik word in plaas van die uitbetaling van die Kontantdividend, sal aandeelhouers wat kies om die Skripdividend te ontvang in plaas van die Kontantdividend, nie verlang word om vir die Skripdividendaandele waarop hulle in terme van hul keuse geregtig word, te betaal nie.

3.1.2. Voorbeelde van die Skripdividendreg:

Hierdie voorbeeld neem aan dat 'n Aandeelhouer 100 Aandele op die Rekorddatum (24 Augustus 2022 om 8:00) hou en gekies het om die Skripdividend te ontvang:

$$\left(\frac{100\ Aandele\ x\ 46\ sent}{700\ sent}\right) \times 50\%$$

Dit sal daartoe lei dat 'n Aandeelhouer met 100 Aandele geregtig is om 'n Skripdividend van 3 Aandele ter waarde van R21 te ontvang nadat die afrondingsbeginsels in paragraaf 3.1.3 hieronder uiteengesit, toegepas is, met die balans, naamlik R25, wat in kontant as deel van die Kontantdividend betaal word. Die kontantbetaling bly onderhewig aan die aftrekking van Dividendweerhoudingsbelasting, indien van toepassing, soos meer volledig uiteengesit in paragraaf 3.1.5 hieronder.

3.1.3. **Breukdele:**

3.1.3.1. Die Direksie het besluit, as deel van die bepalings en voorwaardes van die Skripdividendaanbod, om te bepaal dat breuke en breukregte nie toegelaat sal word nie. Indien die toepassing van die verhouding waarna in paragraaf 3.1.1.3 verwys word tot 'n breukdeel van 'n Aandeel lei, sal die aantal Aandele wat ‘n Aandeelhouer ontvang, afgerond word na die naaste heelgetal, wat beteken dat slegs volle Aandele toegeken word in terme van die Skripdividend en enige breuk in kontant vereffen word (“***Kontantbetaling***”).

3.1.3.2. Die Kontantbetaling sal dus die saldo van die Kontantdividend wees wat nie op die Skripdividend toegepas is nie.

3.1.3.3. Die Kontantbetaling sal op die distribusiedatum, 30 Augustus 2022, vereffen word na inagneming van enige DWB wat op die distribusie van toepassing is. Die DWB-behandeling van die kontantbetaling van ‘n breukdeel sal dieselfde wees as wat van toepassing is op die Kontantdividend (sien paragraaf 3.1.5 hieronder vir 'n verduideliking van die belasting van toepassing op die Kontantdividend).

3.1.4. **Aandelekapitaal:**

3.1.4.1. Die Maatskappy se totale aantal uitgereikte Aandele op die datum van hierdie Omsendbrief is 128 243 980.

3.1.4.2. Die Kontantdividend en die Skripdividend sal uit die Maatskappy se verdeelbare behoue winste betaal word, terwyl die uitgifprys van die Skripdividend in kontant vereffen word uit die Maatskappy se verdeelbare behoue winste. Die Aandele uitgereik as gevolg van die Skripdividend sal in alle opsigte met die ander Aandele gelyk wees vanaf die datum van uitreiking, naamlik 30 Augustus 2022.

3.1.4.3. Indien alle Aandeelhouers kies om die Skripdividend te ontvang, sal 4 213 730 gewone aandele uitgereik word, gebaseer op die veronderstelde Skripdividendverhouding in die bostaande voorbeeld (en ignoreer afronding vir breuke op 'n per-Aandeelhouersbasis).

3.1.4.4. Indien geen Aandeelhouers kies om die Skripdividend te ontvang nie, sal die maksimum bruto kontantdividend deur die Maatskappy betaalbaar aan gewone aandeelhouers op 30 Augustus 2022, R58 992 230 beloop.

3.1.5. **Belastingimplikasies:**

3.1.5.1. Enige uitkering deur 'n maatskappy, of die betaling van 'n kontantdividend of 'n Skripdividend het belastingimplikasies, ongeag of die Aandeelhouer 'n Suid-Afrikaanse inwoner of 'n nie-inwoner is. Aandeelhouers word dus aangeraai om hul professionele belastingadviseurs te raadpleeg aangaande die belastingimplikasies en effek van enige keuse wat hulle uitgeoefen het tussen die ontvangs van die Skripdividend of die Kontantdividend.

3.1.5.2. Die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962 (***Inkomstebelastingwet***) bepaal dat 'n Kontantdividend, tensy 'n Aandeelhouer vrygestel is, onderworpe sal wees aan Dividend Weerhoudingsbelasting (***DWB***). In die geval van 'n inwoner van Suid-Afrika wat nie vrygestel is nie, is die DWB-koers 20% (twintig persent) van die kontantdividend. Gevolglik sal die bedrag wat teruggehou word van die Kontantdividend van 46 sent per aandeel, daartoe lei dat 9,2 sent teruggehou word en 'n netto bedrag van 36,8 sent per aandeel ontvang word. Aandeelhouers wat nie inwoners van Suid-Afrika is nie, kan onderhewig wees aan DWB teen 'n koers van minder as 20%, afhangend van hul land van verblyf en die toepassing van enige Dubbelbelastingooreenkoms tussen Suid-Afrika en hul land van verblyf.

3.1.5.3. Die Skripdividend is nie onderworpe aan DWB nie, maar die daaropvolgende vervreemding van Aandele verkry as gevolg van die Skripdividend sal waarskynlik óf Inkomstebelasting- óf Kapitaalwinsbelasting- ("***KWB***") implikasies hê. Waar enige toekomstige vervreemding van Aandele verkry as gevolg van die Skripdividend binne die KWB-regime val, word die basiskoste van sodanige Aandele geag **nul** te wees ingevolge die Inkomstebelastingwet (of die waarde waarteen sodanige Aandele ingesluit sal word by die bepaling van die geweegde gemiddelde basiskostemetode sal nul wees).

3.1.5.4. Agribel se Inkomstebelastingverwysingsnommer is 9418001617.

3.2. TERUGKOOP

Aandeelhouers is nie verplig om aan die Terugkoopaanbod deel te neem of op die terugkoop aanbod soos vervat in hierdie omsendbrief te reageer nie. Indien 'n Aandeelhouer nie op die terugkoopaanbod reageer nie, sal geen aandele van sodanige Aandeelhouer teruggekoop word nie.

3.2.1. Terugkoopaanbod

3.2.1.1. Alle Aandeelhouers wat die keusevorm hieronder na verwys voor 16:00 op 15 Augustus 2022 inhandig en op die Rekorddatum (24 Augustus 2022 om 8:00) Aandele in die Maatskappy hou, sal geregtig wees om gewone aandele ("**Aandele**") teen R7 per aandeel aan te bied op die basis dat eerstens tot en met 1000 gewone aandele van alle gewone aandeelhouers wat aan die aanbod deelneem, gekoop word. Daarna sal aandeelhouers wat meer as 1000 aandele aanbied, geregtig wees om, *pro rata* tot hul aanbieding van aandele, aan die terugkoop deel te neem. Die terugkoop word verder beperk word tot 'n bedrag van R27 miljoen.

3.2.1.2. Die terugkoop sal gedoen word deur Agribel Capital Eiendoms Beperk ("***Agribel Capital***"), 'n 100% filiaal van Agribel.

3.2.1.3. `n Aandeelhouer mag enige hoeveelheid aandele aanbied vir terugkoop.

3.2.1.4. Die terugkoop prys is R7 (sewe rand) per Aandeel.

3.2.1.5. Die totale bedrag wat bewillig is vir die terugkoop is beperk tot R27 000 000 (sewe en twintig miljoen rand).

3.2.1.6. Enige terugkoopregte wat nie gevolg word nie, is nie oordraagbaar nie en kan dus nie oorgedra word na ander aandeelhouers nie en is nie afsegbaar deur 'n aandeelhouer nie.

3.2.2. Dividend

Aandeelhouers wat gekies het om aan die Terugkoop deel te neem, sal steeds die Kontantdividend (46 sent per aandeel) ontvang ten opsigte van hul totale aandeelhouding op die Rekorddatum (24 Augustus 2022 om 8:00) voor implimentering van die Terugkoop.

3.2.3. **Aandelekapitaal**

3.2.3.1. Die Maatskappy se totale aantal uitgereikte Aandele op die datum van hierdie Omsendbrief is 128 243 980.

3.2.3.2. Indien die volle R27 miljoen bewillig vir die terugkoop aangewend word, sal 3 857 142 gewone aandele teruggekoop word.

3.2.3.3. Alle terugkope wat ingevolge die Terugkoop gedoen word, sal in ooreenstemming wees met artikels 48 en 46 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig.

3.2.4. **Belastingimplikasies**

3.2.4.1. Aandeelhouers moet hulself vergewis van enige belastingimplikasies wat betrekking het op deelname aan die Terugkoop.

3.2.4.2. Indien die aandele deur ‘n aandeelhouer gehou was vir verhandelings-doeleindes, mag moontlike normale wins- en verliesimplikasies van toepassing wees teen die aandeelhouer se effektiewe belastingkoers.

3.2.4.3. Indien die aandele gehou word vir beleggingsdoeleindes, mag moontlike kapitaalwins- of kapitaalverliesimplikasies van toepassing wees teen die aandeelhouer se effektiewe kapitaalwinsbelastingkoers.

4. “NOMINEE” MAATSKAPPYE

Aansoeke van “nominee” maatskappye sal as afsonderlike aansoeke hanteer word na die indiening van 'n uiteensetting van die persone wat die uiteindelike voordelige eienaars is van Aandele wat geregistreer is of geregistreer staan te word in die naam van die “nominee” maatskappy.

5. BUITELANDSE AANDEELHOUERS

5.1. Die verspreiding van hierdie Omsendbrief en die reg om die Skripdividendaandele in ander jurisdiksies as die Republiek van Suid-Afrika te ontvang, kan deur wetgewing beperk word en enige versuim om te voldoen aan die beperkings, kan 'n oortreding van die sekuriteitswette van sodanige jurisdiksies uitmaak. Gevolglik sal Aandeelhouers in sodanige jurisdiksies nie geregtig wees om die Skripdividendaandele direk of indirek te ontvang nie en sal geag word dat hulle nie die Skripdividendalternatief gekies het nie.

5.2. Insgelyks kan deelname aan die Terugkoop ook onderhewig wees aan wetlike bepalings in jurisdiksies buite Suid-Afrika.

5.3. Sodanige ‘nie-inwoner’ Aandeelhouers moet hulself vergewis van die toepaslike wetlike vereistes in sodanige jurisdiksies. Dit is die verantwoordelikheid van nie-inwonende Aandeelhouers om hulself te vergewis met betrekking tot die volle nakoming van die wette en regulatoriese vereistes van die betrokke jurisdiksies ten opsigte van die Skripdividend of die Terugkoop, insluitend die verkryging van enige owerheids-, valutabeheer- of ander toestemmings of enige ander indiening wat gedoen moet word, nakoming van ander vereiste formaliteite en betaling van enige uitreiking, oordrag of ander belasting of ander vereiste betalings wat in sodanige jurisdiksies betaalbaar is. Aandeelhouers wat twyfel oor hul posisie, insluitend, sonder beperking, hul belastingstatus, moet onverwyld 'n kundige adviseur in die betrokke jurisdiksies raadpleeg.

6. PROSEDURE OM DIE KEUSE UIT TE OEFEN OM DIE SKRIPDIVIDEND ALTERNATIEF TE ONTVANG

6.1. Deelname aan die Skripdividend of Terugkoop

Aandeelhouers wat nie die Skripdividend wil ontvang nie of nie aan die Terugkoop wil deelneem nie, hoef nie enige verdere stappe te neem nie en sal die Kontantdividend in die normale gang ontvang.

Aandeelhouers wat gekies het om die Skripdividend te ontvang en/of gekies het om aan die Terugkoop deel te neem, moet daarop let dat die keuse onherroeplik is en sodra die keuse vir die Skripdividend en/of Terugkoop ontvang is, kan die keuse nie gekanselleer kan word nie.

6.2. **Prosedure vir Aandeelhouers wat die Skripdividend wil ontvang**

Aandeelhouers wat die Skripdividend wil ontvang of aan die Terugkoop wil deelneem, moet voor of op 16:00 op 15 Augustus 2022 die aangehegte keusevorm voltooi en inhandig by die Maatskappy gedurende normale besigheidsure, gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes, by Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp of per e-pos aan elmarie.joynt@senwes.co.za of claudi.smit@senwes.co.za stuur.

7. **BETALING VAN KONTANTDIVIDEND, UITREIK VAN AANDELE EN OPDATERING VAN DIE AGRIBEL AANDELEREGISTER**

7.1. **Kontantbetalings**

Die Kontantdividend sal, na verrekening van die Skripdividend en/of enige DWB (indien van toepassing), by wyse van elektroniese fondsoordrag gemaak word op 30 Augustus 2022.

7.2. **Aandeleregister**

Die Agribel aandeleregister sal op 1 September 2022 opgedateer word om uitvoering te gee aan die aanvaarde Skripdividend keuses en op 2 September 2022 om uitvoering te gee aan die aanvaarde Terugkoop keuses.

8. **AFWYSBAARHEID VAN DIE AANBOD**

Die reg om nuwe Aandele te ontvang in terme van die Skripdividend of aan die Terugkoop deel te neem, is nie afwysbaar nie en mag nie verhandel of oorgedra word nie.

9. **VALUTABEHEERREGULASIES**

Enige Kontantdividendbetalings wat uit die Maatskappy se uitkeerbare winste aan nie-inwoners en emigrant-Aandeelhouers uit die Algemene Monetêre Gebied betaal word, is vrylik oordraagbaar.

10. **TOESTEMMING DEUR DESKUNDIGES**

Die Oordragsekretaris het skriftelik ingestem om op te tree in die vermelde kapasiteit en tot die insluiting van hul name in hierdie Omsendbrief, en het nie hul toestemming voor die publikasie van hierdie Omsendbrief teruggetrek nie.

Hierdie omsendbrief is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Afskrifte van hierdie Omsendbrief kan verkry word by die geregistreerde kantoor van Agribel.

Hierdie omsendbrief is vir en namens die direkteure op 15 Julie 2022 onderteken.

AE Scholtz
Maatskappysekretaris
AGRIBEL BEHEREND BEPERK

Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571

AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
(**Agribel** of die **Maatskappy**)

SKRIPDIVIDENDKEUSEVORM

AANDEELHOUERS WORD HERINNER DAT HULLE NIE VERPLIG IS OM 'N KEUSEVORM IN TE DIEN INDIEN HULLE NIE AAN DIE SKRIPDIVIDEND WIL DEELNEEM NIE.

INDIEN GEEN BEHOORLIK VOLTOOIDE KEUSEVORM VOOR OF OP 16:00 OP MAANDAG 15 AUGUSTUS 2022 ONTVANG IS NIE, SAL GEAG WORD DAT 'N AANDEELHOUER GEKIES HET OM DIE KONTANTDIVIDEND TE ONTVANG.

Die definisies en interpretasies in die Omsendbrief is, *mutatis mutandis*, van toepassing op hierdie afdeling.

Belangrik:

1. Aandeelhouers wat die keuse wil uitoefen om die Skripdividend te ontvang, moet die volgende gedeeltes van hierdie dokument voltooi:

1.1. **GEDEELTE A**

1.2. **GEDEELTE B**

2. Die besonderhede van die bepalings van die Skripdividendaanbod is vervat in die omsendbrief waarby hierdie keusevorm aangeheg is en word geag hierby ingesluit te wees deur verwysing asof dit hierin herhaal is.

3. Lees asseblief die aanwysings op die volgende bladsy. Versuim om die instruksies te volg mag veroorsaak dat hierdie dokument verwerp word en dat geag word dat u nie die aanbod aanvaar het nie.

4. Indien u enige twyfel het oor hoe om die dokument te voltooi, raadpleeg onmiddellik u bankier, makelaar, prokureur, rekenmeester of ouditeur of ander professionele adviseur.

5. 'n Behoorlik voltooide keusevorm word verlang vir elke aandeelhouer wat wil deelneem aan die Skripdividend.

Aandeelhouers wat die keuse wil uitoefen om die Skripdividend te ontvang, moet volledig voltooide keusevorms gedurende normale besigheidsure indien ten einde die Maatskappy nie later as 16:00 op 15 Augustus 2022 te bereik nie.

Keusevorms kan by die volgende adresse ingedien word:

Per e-pos: elmarie.joynt@senwes.co.za **of** claudi.smit@senwes.co.za

Per hand: **Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes)**

Keusevorms sal verwerp word indien dit nie behoorlik voltooi is en voor die afsnytyd ontvang is nie.

GEDEELTE A: BESONDERHEDE VAN DIE AGRIBEL AANDEELHOUER WAT DIE KEUSE UITOEFEN OM DIE SKRIPDIVIDENDAANBOD TE AANVAAR

Volle name van die Agribel aandeelhouer:

.....

Posadres:

.....

.....

.....

ID- / Registrasienommer: .....

Telefoonnommer: ..... **Selfoonnommer:** .....

E-pos:.....

Klantnommer: .....**Aandeelhouersnommer:** .....

GEDEELTE B: AANVAARDING VAN DIE SKRIPDIVIDENDAANBOD

Dui u aanvaarding aan deur die vorm te onderteken:

AANVAARDING:

Ek/Ons –

- aanvaar die Skripdividendaanbod volgens die bepalings soos uiteengesit in die Omsendbrief;
- bevestig dat ek/ons kies om 50% van die Kontantdividend van 46 sent per Aandeel as 'n skripdividend te ontvang teen die uitreikingsprys van R7,00 per Aandeel ten opsigte van gewone aandele in die Maatskappy, wat in my/ons naam geregistreer is en waarvan ek/ons die geregistreerde eienaars is soos op 24 Augustus 2022 om 8:00, soos bereken ingevolge die formule vervat in die Omsendbrief en nadat die afrondingsbeginsel soos beskryf in die Omsendbrief, toegepas is.

Geteken te_____ op _____ 2022

_____
Handtekening

_____
Handtekening

_____
Bygestaan deur (waar van toepassing)

Faks asb. na: ***086 680 3124*** ***of***
E-pos aan: **claudi.smit@senwes.co.za**

AGRIBEL BEHEREND BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1996/017629/06)
(**Agribel** of die **Maatskappy**)

TERUGKOOPKEUSEVORM

AANDEELHOUERS WORD HERINNER DAT HULLE NIE VERPLIG IS OM 'N KEUSEVORM IN TE DIEN INDIEN HULLE NIE AAN DIE TERUGKOOP WIL DEELNEEM NIE.

INDIEN GEEN BEHOORLIK VOLTOOIDE KEUSEVORM VOOR OF OP 16:00 OP MAANDAG 15 AUGUSTUS 2022 ONTVANG IS NIE, SAL GEAG WORD DAT 'N AANDEELHOUER GEKIES HET OM NIE AAN DIE TERUGKOOP DEEL TE NEEM NIE.

Die definisies en interpretasies in die Omsendbrief is, *mutatis mutandis*, van toepassing op hierdie afdeling.

Belangrik:

1. Aandeelhouers wat die keuse wil uitoefen om die Terugkoop te ontvang, moet die volgende gedeeltes van hierdie dokument voltooi:

1.1. **GEDEELTE A**

1.2. **GEDEELTE B**

2. Die besonderhede van die bepalings van die Terugkoopaanbod is vervat in die omsendbrief waarby hierdie keusevorm aangeheg is en word geag hierby ingesluit te wees deur verwysing asof dit hierin herhaal is.

3. Lees asseblief die aanwysings op die volgende bladsy. Versuim om die instruksies te volg mag veroorsaak dat hierdie dokument verwerp word en dat geag word dat u nie die aanbod aanvaar het nie.

4. Indien u enige twyfel het oor hoe om die dokument te voltooi, raadpleeg onmiddellik u bankier, makelaar, prokureur, rekenmeester of ouditeur of ander professionele adviseur.

5. 'n Behoorlik voltooide keusevorm word verlang vir elke aandeelhouer wat wil deelneem aan die Terugkoop.

Aandeelhouers wat die keuse wil uitoefen om die Terugkoop te ontvang, moet volledig voltooide keusevorms gedurende normale besigheidsure indien ten einde die Maatskappy nie later as 16:00 op 15 Augustus 2022, te bereik nie.

Keusevorms kan by die volgende adresse ingedien word:

Per e-pos: **elmarie.joynt@senwes.co.za** **of** **claudi.smit@senwes.co.za**

Per hand: **Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (gemerk vir die aandag van die Maatskappysekretaris van Senwes)**

Keusevorms sal verwerp word indien dit nie behoorlik voltooi is en voor die afsnytyd ontvang is nie.

GEDEELTE A: BESONDERHEDE VAN DIE AGRIBEL AANDEELHOUER WAT DIE KEUSE UITOEFEN OM DIE TERUGKOOPAANBOD TE AANVAAR

Volle name van die Agribel aandeelhouer:

.....

Posadres:

.....

.....

.....

ID- / Registrasienommer: .....

Telefoonnommer: ..... **Selfoonnommer:** .....

E-pos:.....

Klantnommer: .....**Aandeelhouersnommer:** .....

GEDEELTE B: AANVAARDING VAN DIE TERUGKOOPAANBOD

Voltooi en teken die aanvaarding hieronder:

AANVAARDING:

Ek/Ons –

- aanvaar die Terugkoopaanbod volgens die bepalings soos uiteengesit in die Omsendbrief en bied hiermee _____ (*vul getal aandele in*) aan teen R7 per aandeel.
- bevestig dat die keusevorm net ten opsigte van gewone aandele in die Maatskappy is wat in my/ons naam geregistreer is en waarvan ek/ons die geregistreerde eienaars is soos 24 Augustus 2022 om 8:00.

Geteken te_____ op _____ 2022

_____
Handtekening

_____
Handtekening

Faks asb. na: ***086 680 3124*** ***of***
E-pos aan: **claudi.smit@senwes.co.za**

_____
Bygestaan deur (waar van toepassing)